

25 Junie

Soek, God sorg!

Skrifgedeelte: Matteus 6:24-34
Fokusgedeelte: Matteus 6:25-34

Wie depressie en kommer wil oorwin, moet verstand en hart reg oriënteer. My verstand moet beseef hoe onsinnig kommer werklik is. Jesus gee drie argumente om hierdie punt te bewys.

- Kommer verskraal jou lewensuitkyk. Al wat jy raaksien, is jou probleme. Daarom die opdrag: Kyk! As jy wyer kyk as net jou probleme, sal jy orals God se versorging raaksien.
- Kommer mergel jou uit, terwyl jy letterlik niks uitrig nie. Daar is werklik beter maniere om energie te verbruik.
- Kommer is die vrug van kleingeloof. Dit klink dalk erg, maar wie hom kwel, moet beseef dat hy God nog nie genoeg vertrou nie.

Voer hierdie argumente aan jou verstand sodat dit jou emosies kan beheer. Maar ondersoek ook jou hart. Behoort dit waaroor jy nagte wakker lê, werklik so 'n prioriteit in jou lewe te wees? Jesus stel die koninkryk van God as eerste prioriteit, selfs belangriker as basiese lewensmiddels! Hy draai dus ons lewensbenadering op sy kop. Nie eers my behoeftes en dan God se wil of werk nie. Radikaal en duidelik: God eerste.

Die troosryke is dat hierdie omgekeerde lewensbenadering wonderlike belofte inhou: Die eenvoudige, maar kragtige belofte wat 'n refrein in my hart en verstand behoort te wees: God sal sorg. God sál sorg.

Met hierdie omgekeerde lewensbenadering gevestig in verstand en hart, gaan ek onbevrees die toekoms tegemoet. 'n Toekoms vol geleenthede en uitdagings. 'n Toekoms waarin ek soek en God sorg.

Sing: Skrifberyming 17-1:1, 5, 6

Ds. Dirk Pansegrouw (Oos-Londen)